EN

# ALGEMENE VERORDENINGE

**VAN DIE**

# AYRSHIRE

## BEESTELERSGENOOTSKAP

## VAN SA

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | Naam van Genootskap ………………………………………………… | 6 |
| **2.** | Doelstellings ……………………………………………………………… | 6 |
| **3.** | Magte van die Genootskap ……………………………………………. | 6 |
| **4.** | Lidmaatskap ……………………………………………………………… | 7 |
| **5.** | Ledegeld & Gelde .... ........................................................................... | 10 |
| **6.** | Bedanking en skorsing van lede…………………………………………. | 11 |
| **7.** | Registrasie van lede …………………………………………………..... | 12 |
| **8.** | Raad …………………………………………………… …………….. | 12 |
| **9.** | Magte en pligte van die Raad ............................................................ | 13 |
| **10.** | Vergaderings ……………………………………………………………. | 16 |
| **11.** | Finansiële bepalings …………………………………………………….. | 19 |
| **12.** | Affiliasies ……………………………………………………………….. | 20 |
| **13.** | Verkiesing van verteenwoordigers op die Raad van die Vereniging ......... | 20 |
| **14.** | Wysiging van Grondwet ……………………………………………………… | 20 |
| **15.** | Kantoor van die Genootskap ……. | 20 |
| **16.** | Ontbinding van die Genootskap ….. | 20 |
| **17.** | Vrywaring .......................... | 21 |
| **18.** | Outentieke lesing van die Grondwet ............. | 21 |
| **19.** | Werknemers van die genootskap............. | 21 |
| **20.** | Nie-lede ............... | 21 |
| **21.** | Oordag van bevoegdhede ............... | 21 |

# ALGEMENE VERORDENINGE

1. Kuddeboeke 22
  1.1 Hulpstamboekafdeling 22
  1.2 Kuddeboek Volgeregistreerde afdeling 22
  1.3 Poenskopdiere 23
  1.4 Publikasie van Kuddeboeke 24
2. Voorvoegsels en Kuddekenmerk 24
3. Identifikasie van Ayrshires 24
4. Name 25
5. Kennisgewings van geboorte en aansoek om registrasie 25
6. Reëls ten opsigte van die toepassing van kunsmatige inseminasie (KI) 26
7. Reëls ten opsigte van die toepassing van embrio-oorplasings (EO) 27
8. Dragtigheidsperiode en Tussenkalfperiodes (TKP) 28
9. Bevestiging van ouerskap 28
10. Vereistes vir registrasie 29
11. Inspeksie- en prestasievereistes 30
12. Registrasiesertifikate 32
13. Oordrag van Ayrshires 34
14. Gesamentlike eienaarskap van Ayrshirebulle 34
15. Afkeur van aansoeke 34
16. Invoer en uitvoer van Ayrshirediere, -semen, -ova of -embrios 35

# WOORDOMSKRYWING

1. Wanneer dit in hierdie Grondwet en verordeninge gebruik word, en ‘n strydige betekenis nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken:
   - 1.1 ‘Wet’, die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet 62 van 1998), of enige verdere wetgewing met dieselfde doelstelling as in gemelde Wet, insluitende die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan;
   - 1.2 “dier”, ‘n geregistreerde Ayrshire of een wat vir registrasie in die Kuddeboek geskik is en die woorde “bees/beeste”, “bul/le”, “kalf/kalwers” en “koei/e”, vroulik en manlik sal dieselfde betekenis hê;
   - 1.3 “Vereniging”, die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging;
   - 1.4 “geboorte”, die geboorte van ‘n kalf;
   - 1.5 “ras” beteken Suid-Afrikaanse Ayrshire;
   - 1.6 “teler”, ‘n lid van die Genootskap wat die eienaar is van –
     - 1.6.1 die moeder op datum van die geboorte van ‘n dier geskik vir registrasie;
     - 1.6.2 ‘n dier op die datum van aansoek vir registrasie in die Hulpstamboek of Volgeregistreerde afdeling van die Kuddeboek; of
     - 1.6.3 Die ontvangerkoei op datum van die geboorte van ‘n embriokalf geskik vir registrasie.
   - 1.7 “Bestuurder” is die bestuurder van die Genootskap.
   - 1.8 “Rasstandaarde” is die geskrewe fenotipiese en\of genotipiese standaarde van voortreflikheid vir die Ayshireras wat deur die Raad opgestel is en waaraan alle diere na die uitsluitlike mening van die Raad moet voldoen ten einde vir registrasie aanbeveel te word;
   - 1.9 ‘‘koper”, die persoon of persone aan wie eienaarskap of gesamentlike eienaarskap van ‘n dier oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;
   - 1.10 “Grondwet”, die Grondwet (insluitende die Verordeninge en Skedules) van die Genootskap –
     - 1.10.1 “Grondwet” beteken die grondwet van die Suid Afrikaanse Ayrshire Telersgenootskap;
     - 1.10.2 “Verordeninge” is die supplementêre reëls van die grondwet wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.
   - 1.11 Raad”, die Raad van die Genootskap, amptelik verkies ingevolge die bepalings van die Grondwet;
   - 1.12 “Departement”, die Departement of Departemente in die nasionale regering gemoeid met die administrasie van die Wet;
   - 1.13 “embrio”, die bevrugte eisel van ‘n dier;
   - 1.14 “Kuddeboek”, die Suid-Afrikaanse Ayrshire Kuddeboek waarin die besonderhede van alle diere, deur die Genootskap by die Vereniging ingeskryf word:
   - 1.15 “inspekteur”, ‘n persoon deur die Raad benoem vir die doelstellings waarna in Klousules 11(d) en 11(e) verwys word.
   - 1.16 “Minister”, die Minister van Landbou in die Nasionale Regering;

1.17 "eisel", 'n eisel van 'n dier en sluit ook 'n embrio in;

1.18 "eienaar", die persoon wie

1.18.1 volgens die rekords van die Vereniging, sodanige dier besit, of

1.18.2 tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige dier geskik is om in sy naam aangeteken of geregistreer te word; of

1.18.3 in die geval van 'n ingevoerde dier geregtig is om die dier in sy naam in die erkende kuddeboek van die land van herkoms aan te teken of te registreer

1.19 "prestasie" is groei- en produksieprestasie, reproduksie en\of die funksionering van 'n dier;

1.20 "persoon" sluit 'n natuurlike en regspersoon in;

1.21 "registreer", verwys na –

1.21.1 die prosedure waardeur die Genootskap diere in die Hulpstamboek- en Volgeregistreerde afdelings van die Kuddeboek registreer

1.21.2 of waardeur 'n voorvoegsel deur die Vereniging op rekord geplaas word;

1.22 "Registrateur", die beampte wat ingevolge die Wet as Registrateur van Diereverbetering aangewys is;

1.23 "verkoper", die persoon of persone wie, volgens die rekords van die Vereniging, die eienaar/ gesamentlike eienaar/s van 'n dier is, of in die geval van 'n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wie sodanige dier verkoop het;

1.24 "semen", die semen van 'n dier;

1.25 "Genootskap", die Suid-Afrikaanse Ayrshire Beestelersgenootskap;

1.26 "Suid-Afrikaans geteelde Ayrshire", 'n dier gebore in of in transito na Suid Afrika met dien verstande dat 'n dier verwek uit 'n ingevoerde eisel of embrio as 'n ingevoerde Ayrshire beskou sal word; en

1.27 "Gebied", Suid-Afrika en aangrensende lande soos van tyd tot tyd deur die Genootskap met die goedkeuring van die Vereniging, bepaal sal word;

2. Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die Grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word in die Wet, sal dieselfde beteken as in die Wet.

3. Tensy 'n teenstrydige bedoeling duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die Grondwet na persone in die manlike geslag verwys, die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud, sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud, sal die enkelvoud insluit.

4. Indien enige van die bepalings in hierdie grondwet vervat, teenstrydig is met enige bepalings vervat in die Wet, sal sodanige grondwetlike bepalings sover dit sodanige teenstrydigheid betref, as *pro non scripto* geag word.

# GRONDWET

## 1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP

Die naam van die Genootskap is die Suid-Afrikaanse Ayrshire Beestelersgenootskap.

## 2. DOELSTELLINGS

2.1 Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings van die Genootskap -

(a) om die teelt en genetiese verbetering van die produksiepotensiaal van diere in die Gebied aan te moedig;

(b) om die rasegtheid van die ras in die Gebied te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele die belangstelling in die ras te bevorder;

(c) om die versameling, bewaring en ontwikkeling van die ras deur goeie seleksie ingevolge die aanvaarde beskrywing van 'n Ayrshire aan te moedig en om vermenging met ander rasse uit te skakel;

(d) om rasstandaarde wat gebaseer is op prestasietoetsrekords en visuele inspeksie vir genetiese afwykings en bouvorm op te stel en te handhaaf in so verre dit verwant is aan funksionele doeltreffendheid. Vir hierdie doel sal alle prestasiedata aan die Raad, inspekteurs en subkomitees beskikbaar gestel word;

(e) om noukeurige verslae van die stambome en besonderhede van diere saam te stel, te bewaar en in stand te hou van alle diere wat deur die Genootskap by die Vereniging in die Kuddeboek aangeteken of geregistreer is;

(f) om vir skoudoeleindes verskillende klasse vir die ras te verkry en beoordelaars te benoem wat bevoeg geag word om die ras te beoordeel; en om landbougenootskappe en andere te oortuig van die wenslikheid en noodsaaklikheid daarvan om slegs beoordelaars aan te stel wat deur die Genootskap aanbeveel word;

(g) om die vertoning en mededinging van die ras op landbouskoue te bevorder en aan te moedig;

(h) om die verkoop van diere te bevorder en veilings aan te bied; en

(i) om in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van die belange van sy lede in die Gebied met betrekking tot hul bedrywighede in verband met die ras.

## 3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP

Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet sal die Genootskap die mag hê –

(a) om sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos deur die Wet neergelê asook kragtens sy lidmaatskap van die Vereniging en die verlening van regspersoonlikheid aan die Genootskap in terme van die Wet; en

(b) in die algemeen stappe te neem soortgelyk aan dié wat 'n regspersoon ingevolge wetgewing kan verrig ten einde die doelstellings van die Genootskap te bereik.

**4. LIDMAATSKAP**

**4.1 Verkiesbaarheid**

Onderworpe aan die bepalings van Klousules 4.2.1 en 4.2.6 sal lidmaatskap van die genootskap uit onderstaande kategorieë bestaan en beperk word tot persone bo die ouderdom van 18 jaar.

**4.2 Kategorieë van Lidmaatskap**

**4.2.1 Gewone Lede**

Persone wat in die Gebied woon en wat direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, kan vir lidmaatskap van die Genootskap as Gewone Lede in aanmerking kom. Sodanige lede sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige algemene vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees. ’n Regsentiteit word as ’n persoon geag en mag gewone lidmaatskap van die Genootskap verkry: Op voorwaarde dat -

(a) persone wat aktiewe telers van diere is sal as Aktiewe Gewone Lede bekend staan; en

(b) alle ander Gewone Lede sal as Nie-Aktiewe Lede bekend staan.

**4.2.2 Lewenslede**

Enige Gewone Lid mag met die goedkeuring van die Algemene Jaarvergadering en teen betaling van sodanige fooi of ledegeld deur die Raad bepaal, lewenslange lidmaatskap van die genootskap verkry.

**4.2.3 Lewenslange Erelede**

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras mag die Algemene Jaarvergadering 'n persoon tot Lewenslange Erelid verkies, op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige Lewenslange Erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

**4.2.4 Spesiale Erelede**

Enige persoon wie nie noodwendig aktief gemoeid was, of is met die teelt van diere nie, mag deur die Raad op sodanige voorwaardes wat bepaal mag word, tot Spesiale Erelid verkies word. ‘n Spesiale Erelid sal geen stemreg by vergaderings van die Genootskap hê nie en ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

**4.2.5 Geassosieerde Lede**

Enige persoon wie nie aktief gemoeid is met die teelt van diere nie, maar bloot ter wille van vrywillige assosiasie aansoek om lidmaatskap doen, kan in aanmerking kom vir Geassosieerde Lidmaatskap: Met dien verstande dat so 'n lid ’n nominale ledegeld van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, sal betaal. ‘n Geassosieerde Lid sal geen stemreg by vergaderings van die Genootskap hê nie en sal ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

**4.2.6 Junior Lede**

Enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar, mag, mits die Raad dit goedkeur, ‘n Junior Lid word. Sodanige Junior lid sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag 'n Junior Lid aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem. Met dien verstande dat die ouers of voog van ‘n junior lid die aansoek gesamentlik onderteken en namens sodanige junior lid volle verantwoordelikheid neem vir die finansiële en ander verpligtinge teenoor die genootskap.

**4.3 Aansoek om Lidmaatskap**

4.3.1 Aansoek om gewone-, lewens-, geassosieerde of junior lidmaatskap van die Genootskap moet op die voorgeskrewe vorm aan die Bestuurder gerig word. Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke subskripsie- en/of intreegeld soos uiteengesit in die Genootskap se Skedule van Fooie..

4.3.2 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier.

4.3.3 Indien 'n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

**4.4 Regte en Voorregte van Gewone en Lewenslede**

Uitgesluit eksekuteurs van afgestorwe boedels, kurators van insolvente boedels en likwidateurs van maatskappye of private maatskappye sal die regte en voorregte van elke lid van die Genootskap persoonlik op homself van toepassing wees en is nie oordraagbaar nie, hetsy deur sy eie handeling of deur enige wetlike bepaling. Die regte en voorregte sal die volgende insluit –

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder die lede versprei word;
(b) om aansoek te doen vir die aantekening of registrasie van diere in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet;
(c) om alle algemene vergaderings van die Genootskap by te woon en om, onderworpe aan die bepalings van Klousule 4.2, op sodanige vergaderings te stem;
(d) om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende die Hereford van die Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees, moet deur die aansoeker betaal word; en
(e) om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik.

**4.5 Maatskappy, Private Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of ander Regspersoon**

4.5.1 'n regspersoon wat om Gewone Lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word,

4.5.1.1 die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die natuurlike persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree. Sodanige natuurlike persoon sal die reg hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap nie later nie as voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik.

4.5.1.2 Die genootskap voorsien van die name en adresse van al die direkteure, aandeelhouers, lede of vennote van sodanige regsentiteit wat ten tye van aansoek om lidmaatskap van die Genootskap hulself gesamentlik en afsonderlik daartoe verbind as borge vir en gesamentlike hoofskuldenaars met die aansoeker, vir die konsekwente nakoming van die vereistes wat ten opsigte van alle aansoeke van toepassing is.

4.5.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 4.5.1 uiteengesit, gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

4.5.3 Die natuurlike persoon wie, soos in Klousule 4.5.1 uiteengesit, aangewys is om sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon te verteenwoordig, mag ingevolge Klousule 8 tot die Raad verkies word.

4.5.4 Indien so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousule 4.2.1 en 4.2.2 uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalings van die volgende Klousule 4.5.5 sal *mutatis mutandis* op so ‘n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon van toepassing wees..5.5 In die geval van die likwidasie van ‘n maatskappy, private maatskappy of beslote korporasie of die ontbinding van ‘n vennootskap of ander regspersoon sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties beëindig word: Met dien verstande dat –

(a) alle bedrae of gelde aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap van die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy of beslote korporasie of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) ingevolge Klousule 4.5.1.2 van sodanige vennootskap of ander regspersoon gevorder sal word;

(b) die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy of beslote korporasie en die lede van sodanige vennootskap of ander regspersoon verplig sal wees om al die verpligtinge van so ‘n maatskappy, private

maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon na te kom ten opsigte van aantekeninge, registrasies, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon as lid van die Genootskap moes nakom; en

(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, aantekeninge, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so ‘n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede opgelê sal word.

**4.6 Onttrekking van Prestasiedata**

Prestasiedata van lede wat aan die Nasionale Melkaantekeningskema deelneem, mag op versoek van die Genootskap, onderhewig aan die voorwaardes soos deur die Vereniging se Bestuurskomitee vir die Geïntegreerde Registrasie en Genetiese Inligtingstelsel (Intergis), bepaal mag word, aan die Genootskap beskikbaar gestel word. Die Genootskap onderneem dat die data nie tot nadeel van 'n lid, of lede of die Intergis aangewend sal word nie en dat verdere verwerking van sodanige data nie tot nadeel van, of strydig met die vereistes en bepalings van die gemelde skema sal wees nie.

**4.7 Onttrekkingvan Prestasie- en registrasiedata**

Alle lede wat aktief by die teling van diere betrokke is, sal alle prestasiedata wat deur die Vereniging gestoor word en wat nodig mag wees vir die doeltreffende promosie van die ras, aan die Genootskap beskikbaar stel. ‘n Beëdigde verklaring te dien effekte sal deur alle lede onderteken word.

## 5. LEDEGELDE EN GELDE

5.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en tydens die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering van die genootskap aan lede bekend gemaak word.

5.2 Die jaarlikse ledegelde en kudde-evalueringsfooie is vooruitbetaalbaar op eerste dag van elke finansiële jaar en sal as agterstallig beskou word indien dit 90 dae na die afsnydatum nog uitstaande is.

5.3 Enige lid wie se ledegeld agterstallig is, of wat ander gelde en/of kommissie aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge, vir meer as 30 dae nadat ‘n eis om die betaling daarvan per geregistreerde pos deur die Rasdirekteur aan hom gerig is, sal daarna geen regte en voorregte verbonde aan lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

5.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen ‘n koers soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

5.5 Enige lid wat, om watter rede ookal, ophou om 'n lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur

hom aan die Genootskap verskuldig was.5.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van ‘n lid agterstallig is of ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so ‘n lid, indien sy rekening vir invordering aan 'n firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste en invorderingsgelde wat dit mag meebring, op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is.

**6. BEDANKINGS EN SKORSING VAN LEDE**

**6.1 Bedanking van Lede**

Enige lid mag bedank as lid van die Genootskap deur nie minder nie as een maand voor die tyd skriftelik en per aangetekende pos kennis daarvan aan die Rasdirekteur te gee: Met dien verstande dat alle gelde aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal is en die lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, aantekeninge, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Genootskap vereis.

6.2 **Skorsing van Lede**

Die Raad mag 'n lid skors en/of dienste aan enige lid opskort wat -

(a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is te betaal binne 60 dae nadat ‘n skriftelike eis vir sodanige vereffening, deur die Rasdirekteur onderteken, per geregistreerde pos aan hom gestuur is;

(b) na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter of tot nadeel van die Genootskap opgetree het;

(c) die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het;

(d) skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet:

Met dien verstande dat geen stappe vir skorsing teen ‘n lid van die Genootskap geneem sal word nie, alvorens die Genootskap nie minstens 30 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige skorsing behandel sal word, 'n geregistreerde brief aan so ‘n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar ‘n beroep op hom gedoen word om persoonlik of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

6.3 Enige lid wat geskors is, moet skriftelik deur die Rasdirekteur daarvan in kennis gestel word binne drie dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy skorsing goedgekeur is.

6.4 Na sodanige skorsing van 'n lid mag die Raad opdrag aan die Rasdirekteur gee om sy naam uit die kuddeboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap te verwyder en by die Vereniging aansoek doen vir die kansellering van alle aantekeninge en/of registrasies ten opsigte van diere wat deur die geskorste lid geteel is en ten tyde van sy skorsing in sy besit was. Die Rasdirekteur mag verder van die geskorste lid verlang om onverwyld alle aantekening- en/of registrasie-sertifikate ten opsigte van diere wat ten tyde van sy skorsing in sy besit was, aan die Genootskap te oorhandig.

6.5 Vanaf datum van skorsing sal geen diere wat daarna deur die geskorste lid geteel word, oorgedra, aangeteken of geregistreer word nie, geen geboortekennisgewing van hom ontvang sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

6.6 Enige persoon wat opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalings van Klousule 4.3 en nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

## 7. REGISTER VAN LEDE

7.1 Die Genootskap sal 'n register van alle lede hou waarin alle inligting, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, ingeskryf moet word.2 Elke lid moet die Bestuurder skriftelik van ‘n verandering van sy posadres in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

7.3 Alle stukke wat per aangetekende of geregistreerde pos deur die Bestuurder aan lede se aangetekende adres versend is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

7.4 Die Bestuurder sal die Vereniging met inligting voorsien soos verlang met betrekking tot nuwe lidmaatskappe, bedankings en skorsing van lede (vir watter rede ookal), en posadresse van lede.

## 8. RAAD

### 8.1 Samestelling en Verkiesing van die Raad

8.1.1 Die belange van die Genootskap sal beheer en bestuur word deur 'n Raad bestaande uit 9 lede wie se termyne sal strek tot die volgende Algemene Jaarvergadering na verkiesing waarna drie lede, deur lootjies bepaal, sal uittree. Tydens elke daaropvolgende Algemene Jaarvergadering sal die drie lede wat die langste op die Raad dien, uittree. Uittredende lede is herkiesbaar.

8.1.2 Indien ‘n lid van die raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die genootskap te wees of sy amp verbeur kan die raad ‘n ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy ampstermyn. Die raad sal as behoorlik gekonstitueerd beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer, nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

8.1.3 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is, sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp verbeur.

8.1.4 Lede van die Raad wat sonder verlof van die President vir ‘n periode van ses maande buite die grense van die RSA gedomisilieerd is sal outomaties hul ampte verbeur en ophou om ‘n lid van die Raad te wees.

8.1.5 Op aanbeveling van die Raad mag die Algemene Jaarvergadering enige lid of lede as Lewenslange Ere Vise-Presidente van die Genootskap verkies. Sodanig verkose persoon sal ex officio en bykomend tot die nege verkose lede, verkies ingevolge klousule 8.1 hierbo, lid van die Raad wees.

**8.2 Verkiesing van President en Vise-President**

8.2.1 Die President en Vise-President, sal vanuit die geledere van die nuut verkose Raad, deur middel van geslote stembrief, deur die Raad verkies word.

8.2.2 Sodanig verkose President sal die amp vir ‘n maksimum tydperk van drie jaar beklee en sal na onderbreking van een jaar in die amp herkiesbaar.

8.2.3. In die geval waar die amp van Voorsitter vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, sal die Vise-President outomaties die amp beklee en indien die amp van Vise-President vakant raak of die ampte van beide President en Vise President gelyktydig vakant raak, voor die verstryking van die tydperk waarvoor hulle tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering, per geslote stembriefies of op enige ander wyse soos deur die vergadering besluit, een of twee uit eie geledere verkies om die vakatures vir die onverstreke deel van die tydperk te vul.

**8.3 Addisionele Raadslede**

Benewens die agt verkose lede sal onderstaande persone ook op die Raad dien:

**8.3.1 Verteenwoordiger van die Landbounavorsingsraad\Diereverbeteringsinstituut**

Sodanige lid mag na oorlegpleging met die Direkteur van die LNR-DVI Besigheidsafdeling op die Raad in 'n adviserende hoedanigheid gekoöpteer word met die reg om alle vergaderings by te woon, maar sonder stemreg.

**8.3.2 Lewenslange Erepresidente**

Op aanbeveling van die Raad kan die Algemene Jaarvergadering enige persoon as Lewenslange Erepresident van die Genootskap verkies. Enige persoon op hierdie wyse verkies, sal *ex officio lid* van die Genootskap wees met volle stemreg.

**8.3.3 Die Rasdirekteur**

Die Rasdirekteur, of in sy afwesigheid 'n ander senior amptenaar van die Genootskap, wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê nie.

**9. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD**

Die Raad het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluite van die Genootskap soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word. In besonder het die Raad die mag om -

(a) na goeddunke sodanige prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan, of te skors; om hulle magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en

diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hul pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

(b) 'n geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of 'n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap; en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

(c) een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokument wat op sake van die Genootskap betrekking het te trek, te aanvaar, te endosseer, aan te gaan of uit te voer;

(d) enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek: Met dien verstande dat fondse beskikbaar vir beleggings slegs belê mag word by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984, en in effekte genoteer op ‘n gelisensieerde effektebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985);

(e) op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen; betaling van lenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekering of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit;

(f) geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak en die vergoeding daaruit verkry op so wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Genootskap gereken mag word;

(g) vrywarings en waarborge en borgstellings aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

(h) die dienste van enige persoon of lid van die Genootskap te koöpteer en om subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die Voorsitter en Vise-Voorsitter van die Genootskap is ex *officio* lede van alle subkomitees met alle regte en voorregte;

(i) inspekteurs aan te stel om diere wat vir aantekening/registrasie aangebied is, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellings van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle te ontslaan;

(j) opdrag te gee aan inspekteurs en/of ander amptenare van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekords gehou word nie of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van 'n dier en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap wenslik geag mag word;

(k) enige persoon of persone vir dienste gelewer te vergoed en pensioen- en ander aansporingskemas en gratifikasies ten opsigte van ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

(l) algemene vergaderings van die Genootskap te belê, of na aanleiding van 'n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalings van die Grondwet gerig is, òf andersins indien dit noodsaaklik geag word;
(m) aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;
(n) sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die Genootskap bepaal mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet of die reëls en regulasies van die Genootskap;
(o) onderhewig aan die bepalings van Klousule 5, die ledegelde of verpligtinge van lede van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge voor te skryf soos nodig geag mag word;
(p) al die koste en rekeninge met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;
(q) aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys;
(r) gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en bevordering van die Ayrshire aan te wend;
(s) reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellings van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef;
(t) ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;
(u) ondanks enige strydige bepalings in hierdie Grondwet vervat, met die goedkeuring van die Algemene Jaarvergadering, vrystelling te verleen van enige bepalings van hierdie Grondwet of versagting in gevalle van meriete soos deur die Raad besluit;
(v) enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word;
(w) verkope van diere te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel;
(x) 'n persoon of persone te benoem om die Genootskap op enige komitee, liggaam of organisasie te verteenwoordig;
(y) een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, 'n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;
(z) ooreenkomstig Klousule 6, die lidmaatskap van enige persoon te beëindig;
(aa) ooreenkomstig Klousule 5.3, te weier om inspeksie-, aantekening-, registrasie- en ander werk vir lede te doen indien hulle uitstaande skuld by die Genootskap het;
(bb) rasstandaarde op te stel en minimum vereistes en ander standaarde neer te lê waarvolgens -
  (i) diere deur inspekteurs geïnspekteer word ;
  (ii) onderworpe aan die bepalings van die Wet, aansoeke vir die in- en uitvoer van diere, semen en embrio's te oorweeg en semenskenkers ingevolge die Wet goed te keur;
  (iii) semen en eiselskenkers sal ingevolge die Wet vir embrio-oorplasings goedgekeur word; en
  (iv) bulle sal ingevolge die Wet vir die verkoop van semen aanbeveel word.

(cc) sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van beoordelaars van Ayrshires as wat nodig geag mag word: Met dien verstande dat geen persoon as beoordelaar van Ayrshires aangestel sal word alvorens hy voldoen aan sodanige vereistes as wat deur die Raad bepaal mag word nie. Verder om van tyd tot tyd die paneel van beoordelaars in heroorweging te neem en om daaruit sodanige name te verwyder as wat nodig geag mag word; en

(dd) in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake, altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalings van die Wet en die Grondwet nie.

## 10. VERGADERINGS

### 10.1 Raadsvergaderings

10.1.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat die Voorsitter of in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter mag besluit. Op voorwaarde dat minstens twee Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

10.1.2 ‘n Spesiale Raadsvergadering –

(a) mag deur die Voorsitter (of in sy afwesigheid deur die Vise-Voorsitter) belê word op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

(b) sal belê word op grond van ‘n aansoek onderteken deur nie minder nie as vier Raadslede waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die Rasdirekteur gerig word.

10.1.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as 21 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Rasdirekteur aan elke lid van die Raad gestuur word.

10.1.4 Geen besluit van die Raad sal gewysig of verander kan word nie, tensy die besluit om dit te wysig of verander deur 'n vergadering, waarvan nie minder nie as 14 dae kennis aan alle Raadslede gegee is en waarin die redes vir die wysiging of verandering van die besluit duidelik uiteengesit is: Met dien verstande dat 'n besluit sonder kennisgewing gewysig mag word indien al die lede van die Raad teenwoordig en eenstemmig is.

### 10.2 Algemene Vergaderings

10.2.1 'n Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in 'n finansiële jaar gehou op so ‘n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

10.2.2 By so ‘n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met behoorlik geouditeerde finansiële state.

10.2.3 ‘n Spesiale Algemene Vergadering van die Genootskap mag te eniger tyd op grond van 30 dae skriftelike kennisgewing aan alle lede, belê word deur -

(a) die Raad; of

(b) die Voorsitter (of in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter); en

(c) op grond van ‘n skriftelike versoek daartoe wat aan die Rasdirekteur gerig is en wat deur nie minder nie as 10 lede van die Genootskap onderteken is. So ‘n aansoek moet die doelstellings van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

10.2.4 ‘n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van ‘n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Rasdirekteur aan elke lid gepos word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Rasdirekteur nie minder nie as 40 dae voor die vergadering, skriftelik daarvan in kennis stel. Geen onderwerp wat deur enige lid voorgestel is, sal op die sakelys van die Algemene Jaarvergadering geplaas word indien die verlangde kennisgewing van die voorstel nie ooreenkomstig hierdie subklousule gegee is nie.

10.2.5 'n Finale kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige algemene vergadering gehou sal word, tesame met die sakelys vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap gepos word.

10.2.6 Daar sal geen besluit op 'n algemene vergadering geneem word tensy kennis daarvan op die sakelys, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so ‘n vergadering met 'n twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig is en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem.

10.2.7 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur ‘n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

**10.3 Voorsitter by Vergaderings**

Die Voorsitter, Vise-Voorsitter of Lewenslange Erepresident, in sodanige volgorde, beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien al sodanige ampsbekleers afwesig is mag die lede wat teenwoordig is 'n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op sodanige wyse verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering gevolgmagtig wees om al die pligte van die Voorsitter uit te voer: Met dien verstande dat in die geval van die afsterwe van die President, die Vise-President as President sal ageer tot en met die eersvolgende Algemene Jaarvergadering van die Genootskap.

**10.4 Stemprosedure**

Tensy anders bepaal sal die uitslag van alle aspekte deur die meerderheid stem van stemgeregtigde lede teenwoordig by ‘n vergadering, bepaal word en in die geval van ‘n staking van stemme, sal die persoon wat die stoel beklee die beslissende stem he.

Onderworpe aan die bepalings van Klousule 8, sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige stemgeregtigde lid stemming per stembrief verlang in welke geval stemming per geslote stembrief sal geskied.

**10.5 Ongeldigheid van Besluite**

Geen saak wat behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

**10.6 Kworums**

10.6.1 15% van die stemgeregtigde lede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige algemene vergadering sal 'n kworum vorm vir sodanige vergadering en 50% van die stemgeregtigde raadslede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is by enige Raadsvergadering sal ‘n kworum vorm vir sodanige raadsvergadering met twee volmagstemme toegelaat per persoon.

10.6.2 Indien daar by enige vergadering nie 'n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot 'n tyd (nie minder nie as 7 dae en nie meer as 30 dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so ‘n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel ‘n kworum: Met dien verstande dat enige vergadering waar ‘n kworum nie teenwoordig is nie maar waarby die Voorsitter, Vise Voorsitter of ‘n Lewenslange Erepresident teenwoordig is, vir ‘n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, ‘n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe grondwetlike wysigings) as wat deur die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir 'n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om, nadat aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is, tot ‘n tyd en plek soos hierin bepaal te verdaag.

10.6.3 Sodra 'n vergadering op so ‘n wyse uitgestel word, sal 'n kennisgewing binne sewe dae na die vergadering aan alle lede gestuur word waarin die datum, plek en tyd van die uitgestelde vergadering en die rede vir sodanige vergadering gemeld word.

**10.7 Notules van Vergaderings**

10.7.1 'n Afskrif van die notules van alle algemene vergaderings sal aan elke lid van die Genootskap voorsien word. Afskrifte van die notules van Raadsvergaderings en Subkomiteevergaderings sal aan alle persone voorsien word wat op sodanige komitees dien.

10.7.2 Die notule van alle vergaderings geteken deur die Voorsitter of 'n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

**11. FINANSIëLE BEPALINGS**

11.1 Die Raad sal een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

11.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word per tjek gedoen en die tjeks moet deur die Rasdirekteur of 'n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, geteken en mede-onderteken word, deur die ouditeure of sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 9(y): Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die Raad sal verhoed om 'n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie 'n bedrag wat deur die Raad bepaal is, oorskry nie, betaal word: Op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekenings per tjek getrek word.

11.3 Die Raad moet toesien dat die Genootskap behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd, maar nie minder nie as een keer per jaar, deur 'n ouditeur wat deur die Raad van die Genootskap aangestel is, geouditeer word.

11.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

11.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, insluitende profyte en winste, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

11.6 Die finansiële jaar van die Genootskap neem ‘n aanvang op ‘n datum soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal en deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.

11.7 Geen profyte of winste sal aan enige persoon toekom nie.

11.8 Fondse wat vir belegging beskikbaar is mag slegs by geregistreerde finansiële instellings wat in Seksie 1 van die Finansiële Instellings (Beleggings van Fondse) Wet 1984 belê word en sekuriteite gelys op ‘n gelisensieerde beurs soos gedefinieer in die Beurswet, 1985 (Wet No 1 van 1985).

11.9 Die Genootskap sal nie meedoen aan enige aktiwiteite wat op winsbejag ingestel is nie of deelneem aan enige besigheid, professie of betrekking wat deur enige van sy lede gevoer word, of finansiële hulp, bedryfseiendom, voortdurende dienste of fasiliteite aan sy lede verleen ten einde enige besigheid, professie of betrekking te bedryf nie.

## 12. AFFILIASIES

Die Genootskap mag –

a. Ingevolge die Wet, lid wees van die Vereniging en sodanige lidmaatskap handhaaf ingevolge die bepalings van die grondwet van die Vereniging; en

b. op grond van die meerderheid stem van ten minste twee derdes van stemgeregtigde lede teenwoordig by enige algemene vergadering, met enige vereniging, Genootskap of organisasie waarvan die doelstellings met dié van die Genootskap ooreenstem, affilieer of inkorporeer

## 13. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGER/S TOT DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VERENIGING

Ingevolge Klousule 9(x) sal die Raad ‘n verteenwoordiger of verteenwoordigers aanwys om die Algemene Jaarvergaderings van die Vereniging by te woon.

## 14. GRONDWETLIKE WYSIGINGS

14.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet waarvan skriftelike kennis nie minder nie as 30 dae voor die vergadering mag aan elke lid van die Genootskap gegee word, mag aangebring word deur ‘n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by ‘n algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig en stemgeregtig is en stem.

14.2 Sodanige byvoeging tot, of wysiging van die Grondwet wat ingevolge Klousule 14.1 goedgekeur is, sal slegs van toepassing wees op voorwaarde dat dit ingevolge die Wet by die Registrateur ingedien en deur die Registrateur goedgekeur en bevestig word

14.3 Die Genootskap sal geen byvoegings, wysigings, variasies of veranderings van die grondwet aanvaar indien sodanige byvoegings, wysigings, variasie of veranderings strydig is met die strewe, doelstellings en vereistes van die Wêreld Hereford Kongres.

14.4 Enige wysiging van die Grondwet moet aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

## 15. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op ‘n plek wees soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en deur die daaropvolgende algemene vergadering bevestig.

## 16. ONTBINDING VAN DIE GENOOTSKAP

16.1 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap, en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Genootskap verdeel of aan hul uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings soos besluit deur die meerderheidsbesluit by ‘n algemene vergadering van die Genootskap : Met dien verstande dat –

16.1.1 die doelstellings van sodanige instelling ooreenstem met dié van die Genootskap

16.1.2 sodanige instelling opsigself vrygestel is van Inkomstebelasting kragtens Artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet.

**17. VRYWARING**

Lede van die Raad en van die Genootskap wat betrokke is by genootskapwerksaamhede op instruksie van die Raad, word hiermee vrygestel van enige eise, verliese of uitgawes voortspruitende uit sodanige werksaamhede: Op voorwaarde dat hulle *bona fide* opgetree het en nie skuldig was aan pligsversuim of oneerlikheid nie.

**18. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET**

Aangesien hierdie Grondwet en die meegaande verordeninge in Engels opgestel, ingedien en oorweeg is, word die Engelse weergawe as outentiek beskou.

19. **WERKNEMERS VAN DIE GENOOTSKAP**

Geen werknemer van die Genootskap sal, behalwe in die uitvoer van sy pligte as sodanige werknemer, enige dienste lewer of betrokke wees by enige koop of verkooptransaksies van diere nie.

21. **NIE LEDE**

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word: Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan nie-lede gelewer word, sal wees soos wat van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering bepaal. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.

22. **OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE**

Ondanks enige bepalings in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur 'n volmagprokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Sekretaris geliasseer, 'n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings/aansoeke om aantekening/registrasie, oordragsertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokumente met betrekking tot die administrasie van ‘n kudde te onderteken. Enige sodanige handtekening deur so ‘n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, so 'n gevolmagtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van, of stemming vir, enige Raadslid, of stemming oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het of om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.

# ALGEMENE VERORDENINGE

## 1. KUDDEBOEKE

Die Genootskap sal toesien dat die Vereniging ingevolge die Wet rekord hou van alle aangetekende Ayrshires en dat die Kuddeboek, bekend as die Suid-Afrikaanse Ayrshire

Kuddeboek, hetsy gerekenariseerd of andersins, uit die volgende twee hoof-afdelings sal bestaan, nl.

1.1 ‘n Hulpstamboek-afdeling; en
1.2 'n Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek (SP).

**1.1 HULPSTAMBOEK AFDELING**

1.1.1 **Aanhangsel A**

Enige vroulike dier uit ‘n kudde waarvan die teler die register van oorsprong aan die Raad kan voorlê, en wat die fenotipiese kenmerke van ‘n Ayrshire besit, is geskik vir registrasie in die Aanhangsel A-afdeling van die Kuddeboek, op voorwaarde dat ooreenkomstig Aanhangsel 3 sy behoorlik geïdentifiseer sal wees met die identifikasiemerke van die eienaar asook ‘n volgnommer op die tydstip van aanvaarding en verder dat sy ooreenkomstig Aanhangsel 11 geinpsketeer en goedgekeur is.
Die Aanhangsel A-afdeling van die Kuddeboek sal oop bly tot tyd en wyl die Raad anders besluit.

**1.1.2 Aanhangsel B**

Die vroulike nageslag van ‘n Aanhangsel A-Ayrshire vroulike dier, gepaar met ‘n geregistreerde Ayrshirebul, is geskik vir registrasie in die Aanhangsel B-afdeling van die Kuddeboek, op voorwaarde dat aan alle geboortkennisgewing- en registrasievereistes ingevolge die Grondwet voldoen.

**1.1.3 Aanhangsel C**

Die vroulike nageslag van ‘n Aanhangsel B vroulike dier gepaar met ‘n geregistreerde Ayrshirebul is geskik vir registrasie in die Aanhangsel C-afdeling van die Kuddeboek, op voorwaarde dat sy aan alle geboortekennisgewing- en registrasievereistes ingevolge die Grondwet voldoen.

**1.2 VOLGEREGISTREERDE AFDELING**

1.2.1 Die vroulike nageslag van ‘n Aanhangsel C vroulike dier gepaar met ‘n geregistreerde Ayrshirebul is geskik vir registrasie in die Volgeregistreerde-afdeling van die Kuddeboek op voorwaarde dat sy aan alle geboortkennisgewing- en registrasievereistes ingevolge die Grondwet voldoen.

1.2.2 Alle nageslag van ‘n geregistreerde Ayrshire vroulike dier gepaar met ‘n geregistreede Ayrshirebul sal geskik wees vir registrasie in die Volgeregistreerde-afdeling van die Kuddeboek op voorwaarde dat hulle aan alle geboortkennisgewing- en registrasievereistes ingevolge die Grondwet voldoen.

**1.3 POENSKOPDIERE**

1.3.1 In Aanhangsel 1.3 beteken “poenskop” ‘n natuurlike poenskop en
tensy die teendeel duidelik uit die konteks blyk, sluit dit diere met los of vals horings in.
“Los of vals” horings sluit die geringste sigbare of tasbare tekens daarvan in.

1.3.2 Alle natuurlike poenskop diere of die gebore met los horings of horingknoppies sal ingevolge Aanhangsel 1.3.3 met die toepaslike kuddekenmerkletters geidentifiseer word en as P, PP of PH agter die naam van die dier aangedui word en op die registrasiesertifikaat sal die betrokke dier sodanig onderskei word

1.3.3 Die kenmerkletter/s sal wees:

(a) PP: 'n Poenskopdier met geen teken van los of vals horings tydens die eienaar se aansoek indien,

(i) in die geval van 'n vroulike dier, die naaste gehoringde of loshoringvoorsaat ten minste vier geslagte verwyder is en dokumentêre bewys word voorgelê te dien effekte dat sodanige vroulike dier nog nooit enige gehoringde nageslag verwek het nie; of

(ii) dokumentêre bewys word voorgelê te dien effekte dat sodanige dier nog nooit enige gehoringde nageslag verwek het nie en dat minstens vyf van haar nageslag gevolg het na paring met gehoringde diere; of

(iii) beide ouers is PP en nie een het nageslag met horings of los en vals horings voortgebring nie.

(b) P: As die dier poenskop is sonder enige teken van los of vals horings en geeneen van die ouers het horings nie;

(c) PH: As of –

(i) die dier poenskop is en sonder enige tekens van los of vals horings en geen ouer het horings nie.

(II)die dier poenskop is, maar een van die ouers het horings.

1.3.4 Voor die inspeksie vir registrasie moet geskrewe kennis aan die Vereniging gegee word van 'n dier, waarvan een of beide ouers die kuddekenmerkletters P, PP of PH het en onthoring is. Alle rekords van sodanige dier sal dienooreenkomstig aangeteken word.

1.3.4.1 Die Vereniging moet kennis ontvang van 'n gehoringde kalf of een met los of vals horings as gevolg van die paring van diere met die kuddekenmerkletters PP of P. In die geval van gehoringde nageslag gebore uit die paring van poenskopdiere, sal die ouers, geregistreer as PP of P, herregistreer word as PH

## 1.4 PUBLIKASIE VAN KUDDEBOEKE

1.4.1 Kuddeboeke mag in opdrag van die Raad namens die Genootskap deur die Vereniging gepubliseer word.

1.4.2 Volumes van die Kuddeboek mag verkoop word teen 'n prys deur die Raad vasgestel ten einde druk- en publikasiekoste te dek.

## 2. VOORVOEGSEL EN KUDDEKENMERK

2.1 Geen Ayrshire sal vir aantekening of registrasie aanvaar word nie tensy die teler voor die tyd, deur die Genootskap, by die Vereniging vir sy uitsluitlike gebruik, ‘n voorvoegsel geregistreer het waardeur alle Ayrshires deur hom geteel en aangeteken of geregistreer word, onderskei sal word.

2.2 Geen voorvoegsel sal 18 letters oorskry nie en die naam van ‘n stad, dorp of poskantoor in die RSA sal nie aanvaar word vir registrasie as ‘n voorvoegsel nie.

2.3 Die kuddekenmerk (K.K.) geregistreer by die Vereniging vir die teler se eksklusiewe gebruik sal nie vier letters oorskry nie en moet bestaan uit letters, syfers of ‘n kombinasie van letters en syfers.

2.4 Aansoek vir die registrasie van sodanige voorvoegsel en kuddekenmerk moet by die Sekretaris gedoen word en moet vergesel word van sodanige fooi wat van tyd tot tyd deur die Raad of die Vereniging bepaal mag word.

2.5 Geen oordrag van ‘n voorvoegsel of kuddekenmerk van een teler na ‘n ander sal toegelaat word nie, behalwe op sodanige voorwaardes en aan sodanige persone soos voorsien in die Aanhangsels tot die Grondwet van die Vereniging.

## 3. IDENTIFIKASIE VAN AYRSHIRES

Alle lewendige Ayrshires waarvan die geboortes ingedien is en alle diere wat vir registrasie aangebied word, moet permanente identifikasiekenmerke dra bestaande uit –

3.1 kuddekenmerkletters wat nie meer as VIER spasies mag beslaan nie;
3.2 ‘n jaarsyfer wat sal bestaan uit die laaste TWEE syfers van die jaar waarin die dier gebore is; en
3.3 ‘n volgnommer wat nie meer as VYF syfers sal wees nie, en elke jaar by nommer EEN moet begin.

3.1 Oortatoeëring is die Genootskap se amptelike identifikasiestelsel vir die eenvormige en permanente identifikasie van alle diere waarvan die geboortes ingedien word en wat vir registrasie aangebied word.

3.2 Elke kalf moet binne 30 dae na geboorte deur die teler geïdentifiseer word.

3.3 Die jaarsyfer moet uit twee syfers bestaan wat die geboortejaar aandui.

3.4 Die volgnommer moet nie vier spasies oorskry nie.

3.5 Indien 'n teler met die identifikasie van 'n dier ‘n fout begaan, of wanneer die identifikasiemerk vaag of onleesbaar word, moet die eienaar van die dier die Genootskap skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer getatoeëer word in die teenwoordigheid van ‘n inspekteur

wat deur die Raad daartoe aangestel is nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier

3.6 Behalwe vir die moontlike verpligte merk/brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die vrywillige merk/brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek met die geregistreerde (brand)merk van die Vereniging, is die aanbring van enige ander brand hoegenaamd, deur die teler of eienaar of sy agent, streng verbode en die aantekening- of registrasiesertifikaat van enige dier so gemerk sal gekanselleer word

3.7 Onderhewig aan die vereistes van Aanhangsel 3.6, sal geen Ayrshire wat nie duidelik gemerk is, oorgedra word nie.

## 4. NAME

4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek nie tensy die dier duidelik gemerk en uitdruklik van 'n naam of nommer, wat die naam verteenwoordig, voorsien is. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, of 'n misleidende naam het, te weier.

4.2 Die naam sal die voorvoegsel wat vir die teler geregistreer is insluit, en insluitende die voorvoegsel, mag geen naam 20 spasies oorskry nie.

4.3 Indien die naam van 'n dier eers aangeteken of geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op so 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

## 5. KENNISGEWINGS VAN GEBOORTE EN AANSOEK VIR REGISTRASIE

5.1 Die teler van 'n Ayrshirekalf, gebore uit 'n geregistreerde moeder wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kan kom, moet die Genootskap binne 90 dae na geboorte van die kalf in kennis stel, ongeag of so 'n kalf lewendig of dood gebore is, of vir aantekening of registrasie behou word, al dan nie. Ongeag Verordening 5.1 kan die Genootskap 'n kennisgewing van geboorte vir aantekening of registrasie aanvaar wat die Genootskap meer as 60 dae na die geboorte van die kalf bereik onderhewig aan die goedkeuring van die Raad en betaling van 'n laat geboortekennisgewingfooi soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Kalwers waarvan die geboorte later as ses maande na geboorte aangemeld word, sal nie vir registrasie geskik wees nie.

5.2 'n Geboortekennisgewing sal, in die geval van 'n dier wat geskik is vir registrasie, 'n aansoek vir registrasie insluit. As die Vereniging wanneer ook al, 'n verpligte en geldige geboortekennisgewing van 'n lewendige kalf ontvang wat geskik vir registrasie is, sal 'n sertifikaat dadelik uitgereik word, op voorwaarde dat die teler mag aandui dat die kalf nie vir registrasie is nie, in welke geval geen dokument uitgereik sal word nie, maar die geboorte sal in elk geval in die register van die moeder aangeteken word..

5.3 Geen geboortekennisgewing/aansoek vir registrasie van 'n Ayrshire sal aanvaar word indien die vader en moeder tydens dekking jonger as agt maande is.

5.4 Alle kennisgewings van geboorte moet op 'n wyse soos deur die Vereniging goedgekeur geskied, en nie later nie as 60 dae na die geboortedatum van die betrokke kalwers aan die Vereniging gestuur word en afskrifte daarvan moet deur die betrokke teler bewaar word sodat dit te alle redelike tye beskikbaar is vir insae en kontrolering deur amptenare van die Genootskap

5.5 In die geval van veelvuldige geboortes sal die teler, behalwe vir die besonderhede wat normaal vereis word, ook die nommer en geslag van die ander tweeling/drielinge ens. op die geboortekennisgewingsvorm aanteken soos die geval mag wees.
5.6 In die geval van 'n Ayrshire verwek as gevolg van 'n embrio-oordrag, moet 'n geboortekennisgewing\aansoek vir registrasie in die formaat soos voorgeskryf deur die Vereniging aan die Vereniging voorgelê word.
5.7 Die Genootskap sal namens elke teler rekords hou van alle geboortes, hetsy lewendig of doodgebore, waarvan die teler die Genootskap behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat deur die Genootskap nodig geag mag word.
5.8 Die geboortekennisgewingsaansoek vir registrasie sal 'n verklaring bevat met die volgende voorwaardes:-

"Ek verklaar dat die stamboekbesonderhede en identifikasiemerke van die dier hierin beskryf korrek is en dat al die vereistes van die Grondwet en die Wet rakende geboortekennisgewings en aansoek vir registrasie behoorlik nagekom is"

5.9 In die geval van 'n dier wat *in utero* ingevoer is, moet die geboortekennisgewing vergesel gaan van 'n sertifikaat wat behoorlik geteken is deur 'n bevoegde liggaam in die land van herkoms en waarop aangedui word -
  (a) dat die identifikasie van die vader, soos op die dokumente aangedui, korrek is: en
  (b) dat die vader aan die aantekening/registrasie vereistes voldoen soos deur die Raad bepaal mag word.

## 6. VOORSKRIFTE MET BETREKKING TOT DIE PRAKTYK VAN KUNSMATIGE INSEMINASIE (KI)

6.1 Alle Ayrshires wat wettiglik deur KI verwek is (ingevolge die Wet) sal geskik wees vir registrasie mits alle vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* nagekom is.
6.2 Geen geboortekennisgewingaansoek vir registrasie van 'n Ayrshire verwek deur KI sal aanvaar word tensy dit geëndosseer is met die woorde: "Verwerk deur KI".
6.3 Indien verskillende bulle vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde vroulike dier, tydesn twee opeenovlgende bronstye, minder as 28 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek mag word vir aantekening of registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalings van Verordening 6.1 hiervan, tensy die vaderskap bevestig is deur 'n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.
6.4 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy telers.
6.5 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, aan te teken of te registreer indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die Wet nie ten volle nagekom is nie.
6.6 Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en die voorregte van aantekening n registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die aantekening of registrasie van kunsmatig verwekte nageslag: Op voorwaarde dat die semen verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die

hantering daarvan, die inseminering van die diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

## 7.VOORSKRIFTE MET BETREKKING TOT DIE PRAKTYK VAN EMBRIO-OORPLASINGS (E.O.)

7.1 Alle Ayrshires wat wettiglik verwek is deur E.O. (ingevolge die Wet) sal vir registrasie geskik wees: Met dien verstande dat -

(a) alle vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* nagekom is;

(b) beide die semen- en eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is;

(c) behalwe in die geval van ‘n dier wat uit ‘n eisel-oorplasing ontstaan het en *in utero* ingevoer is, die volgende bewyse en dokumentasie, onderteken deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms, by die Genootskap ingedien word binne 120 dae na embrio-oorplasing -

(i) ’n behoorlik voltooide inovulasiesertifikaat soos deur die Vereniging voorgeskryf mag word;

(ii) ’n sertifikaat wat die amptelike bloedtipe of DNS-profiel laboratoriumnommers van beide die semen- em embrioskenker bevestig;

(iii) ‘n Sertifikaat onderteken deur ‘n veearts, ‘n embrio-oorplaser of, in die geval van ‘n interne embrio-oorplasing, deur die eienaar of sy voltydse werknemer, te dien effekte dat aan alle wetlike bepalings voldoen is; en

(iv) In die geval van ‘n Ayrshire verwek van ‘n ingevoerde ovum of embrio, ‘n sertifikaat, uitgegee deur ‘n gesagsliggaam in die land van herkoms, wat deur die Genootskap en Vereniging erken word, en wat die name, identifikasie- en registrasienommers van die ovum– en semenskenkers, die datum en afhaalpunt, die aantal lewensvatbare ova versamel en die uitvoerdatum aandui.

(d) in die geval van ‘n Ayrshire, verwek as gevolg van ‘n E.O. en *in utero* ingevoer, moet die volgende bewyse en dokumente onderteken deur ’n bevoegde liggaam in die land van herkoms aan die Vereniging voorgelê word binne 30 dae na die aankoms van die ontvangerkoei in die R.S.A: -

(i) bewys van die dekking of inseminasie en spoeling van die embrioskenker;

(ii) bewys van die oordrag en die oordragdatum op die betrokke ontvangerkoei;

(iii) Twee-generasiestambome van beide skenkers;

(iv) Hul DNA of bloedtiperingsertifikate;

(v) bewys dat beide skenkers voldoen aan die minimum prestasie- en ander standaarde soos deur die Raad bepaal mag word

(d) ‘n geboortekennisgewing met betrekking tot ‘n dier verwek deur 'n eisel-oorplasing op die voorafgedrukte vorm ingedien word waarna in Verordening 9.2 verwys word.

(e)ouerskap sal in elke geval deur ‘n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode van bevestiging van ouerskap, bevestig word tensy anders deur die Genootskap of die Vereniging bepaal; en dat

(f) alle ander vereistes van die Grondwet rakende geboortekennisgewings, inspeksie, prestasie en registrasies aan voldoen word.

7.2 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van embrio-oorplasings deur sy telers.

7.3 Telers wat in die lande buite Suid-Afrika woonagtig is en wat die voorregte van aantekening en registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die aantekening of registrasie van

nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het: Op voorwaarde dat die eiselle verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is, en verder op voorwaarde dat die opvang van die eiselle, die hantering daarvan, die oorplasing van embrio's en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

7.4 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om te weier om nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het, aan te teken of te registreer indien enige van hierdie reëls of die bepalings van die Wet nie ten volle nagekom is nie

**7.5** Die Raad het die reg om die aantal nageslag van ‘n skenkerkoei wat dmv EO verwek is, vir registrasie te beperk.

**8. DRAGTIGHEID EN TUSSENKALFPERIODES (T.K.P.)**

Die erkende dratigheidsperiode van Ayrshires is 281 dae met ’n minimum aanvaarbare dragtigheidstydperk van 263 dae en ’n maksimum aanvaarbare dragtigheidstydperk van 300 dae. Die minimum aanvaarbare tussenkalfperiode is 270 dae. Geen dragtigheidsperiode buite die tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie tensy ouerskap deur 'n DNA- of bloedtiperingstoets bevestig word.

**9. BEVESTIGING VAN OUERSKAP**

9.1 Bo en behalwe die verpligte ouerskapverfikasiebepalings vir E.O. soos vervat in Verordening 7.1 (e) moet die bloedtipering en\of DNA van alle kuddevaars op rekord wees voordat sodanige kuddevaar vir natuurlike dekking of KI gebruik word.

9.2 Ten einde die ouerskap van Ayrshires te bevestig, sal die Genootskap ter enige tyd die reg hê om aan te dring op DNS-profilering of enige ander wetenskaplike metode om ouerskap te bevestig.

(a) as ‘n roetineprosedure op ‘n basis wat van tyd tot tyd deur die Genootskap bepaal sal word; en

(b) in elke geval waar daar twyfel bestaan.

9.3 In die geval van die toets waarna hierbo verwys word sal die teler of die Genootskap, soos deur die Raad bepaal vir die koste van die toetse verantwoordelik wees.

**10. VEREISTES VIR REGISTRASIE**

10.1 Die enigste vereiste vir die registrasie van ‘n dier is die aanvaarding van ‘n verpligte en geldige kennisgewing van die geboorte, mits-

(a) in die geval van Aanhangsel A vroulike diere en ingevoerde Ayrshires, sal inspeksie deur ‘n inspekteur van die Genootskap ‘n voorvereiste vir registrasie wees;

(b) die registrasie van enige dier wat nie aan die minimum prestasie- en ander standaarde soos deur die Raad nnegele, voldoen nie, sal outomaties deur die Vereniging gekanselleer word; en

(c) die registrasie van enige dier wat nie tydens ‘n kudde- of ander inspeksie wat in terme van Verordening 11 deur die Raad uitgevoer sal word, goedgekeur word nie, sal onmiddellik gekanselleer word.

In alle gevalle waar die regitrasie van ’n dier gekanselleer word, word dit van die eienaar vereis om die registrasiesertifikaat by die Vereniging vir kansellasie in te dien.

10.2 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede op die geboortekennisgewing of meegaande sertifikate, mag die dier na oordeel van die Raad van aantekening of registrasie uitgesluit word.

**10.3 Suid-Afrikaansgeteelde Ayrshires**

10.3.1 Behalwe soos voorsien in Verordening 1.1.1 ten opsigte van Aanhangsel A vroulike diere, sal geen aansoek vir registrasie van ‘n Suid-Afrikaansgeteelde Ayrshire oorweeg word nie, tensy besonderhede van die geboorte in terme van Verordening 5 ingedien is nie en

(a) beide ouers; of

(b) sy/haar moer, in die geval van ‘n dier *in utero* ingevoer of verwek van ingevoerde semen, deur die Vereniging geregistreer is nie.

10.3.2 Behalwe in die geval van Hulpstamboek A vroulike diere en ingevoerde Ayrshires, sal aansoek vir registrasie van ‘n dier saam met kennisgewing van die geboorte gedoen word. In alle gevalle sal die aansoekvorm -

(a) deur die Vereniging opgestel word; en

(b) deur die Genootskap geëndosseer word te dien effekte dat al die vereistes van die Grondwet in verband met registrasie nagekom is.

**10.4 Ingevoerde Ayrshires**

10.4.1 ‘n Ingevoerde Ayrshire of een verwek uit ingevoerde semen of embrios sal vir registrasie geskik wees, mits die vereistes van die Grondwet mutatis mutandis nagekom is.

10.4.2 ‘n Ingevoerde Ayrshire sal vir registrasie geskik wees, mits die aansoek vir registrasie vergesel gaan van -

(a) ‘n registrasie- of uitvoersertifikaat uitgereik deur ‘n bevoegde- of ander liggaam in die land van herkoms wat deur die Genootskap en die Vereniging erken word;

(b) bewys te dien effekte dat die betrokke dier aan die prestasie- en ander vereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en deur die Vereniging goedgekeur word, voldoen en

(c) ‘n verslag van die inspekteur wat bevestig dat-

(i) die dier die permanente, onuitwisbare identifikasiemerke dra soos aangeteken op die registrasie- of uitvoersertifikaat;

(ii) die dier verkoop is en die verkoper op die datum aangegee verlaat het en\of dat die dier op die datum aangegee na die gebiede verskeep en/of vervoer is en

(iii) dat die dier op die datum aangegee op die aansoeker se plaas aangekom het

10.4.3 Registrasiesertifikate sal ten opsigte van ingevoerde diere deur die Vereniging uitgereik word

.
**10.5 Ayrshires verwek uit ingevoerde ova en embrio**

10.5.1 Nageslag wat deur inovulering met ingevoerde eiselle ontstaan het ten opsigte waarvan die bepalings van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom

10.5.2 Sodanig ingevoerde eiselle moet deur 'n bevoegde liggaam in die land vaherkoms (goedgekeur deur die Direkteur: Dieregesondheid van die Nasionale Departement van Landbou) van eiselskenkers wat aan die minimum vereistes vir aantekening of registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, versamel word.Indien bevrug moet sodanige eiselle bevrug wees met die semen van ‘n Ayrshirebul wat eweneens aan die minimum vereistes vir aantekening of registrasie voldoen soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

10.5.3 Die geboortekennisgewing moet, onderhewig aan die bepalings van Verordening 6 ook vergesel gaan van ‘n sertifikaat deur ‘n bevoegde liggaam in die land van herkoms, goedgekeur deur die Genootskap en die Vereniging, waarop aangedui word –

(a) die name, identifikasie- en aantekening-/registrasienommers van die eisel- en semenskenkers;
(b)die datum en plek van opvangs; en
(c) die aantal lewensvatbare eiselle van die betrokke eiselskenker opgevang

## 11. INSPEKSIE- EN PRESTASIEVEREISTES

### 11.1 Minimum Standaarde

Ingevolge Klousule 9.24 van die grondwet sal minimum standaarde van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word met betrekking tot -

(a) inspeksie as ‘n voorvereiste vir die registrasie van Aanhangsel A vroulike diere en ingevoerde Ayrshires en as ‘n vereiste vir die handhawing van die registrasiestatus van alle diere; en
(b) prestasie- en ander vereistes as ‘n vereiste vir die handhawing van die registrasiestatus van alle diere.

### 11.2 Inspeksies en Pligte van Inspekteurs

11.2.1 Ingevolge Klousule 9.23 van die Grondwet sal die Raad inspekteurs aanstel om alle diere wat geskik is vir aantekening of registrasie, op aansoek van die betrokke teler, te inspekteer of te klassifiseer.

11.2.2 Die inspekteur sal elke dier wat geskik is vir aantekening of registrasie keur of klassifiseer nadat die bewys van geboortekennisgewing en aansoek om aantekening/registrasie

aan hom voorgelê is. Hy moet homself vergewis dat die identifikasie, kleur, ouderdom en ander gegewens wat op die geboortekennisgewingsertifikaat voorkom reg aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie of klassifikasie aangebied word. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en aan minimum prestasievereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Enige verskil of teenstrydigheid kan so 'n dier diskwalifiseer en daartoe lei dat die dier gekanselleer word.

11.2.3 Daar sal geen maksimum ouderdomsperk vir die inspeksie van Aanhangsel vroulike diere en ingevoerde Ayrshires wees nie.

11.2.4 Inspekteurs wat op die instruksies van die Raad optree, mag enige tyd sonder vooraf kennisgewing 'n algemene inspeksie van enige lid se Ayrshire-kudde uitvoer. By so 'n inspeksie moet alle geregistreerde diere geïnspekteer word. Die inspekteurs moet hulself tevrede stel dat die ouderdom, identifikasie en ander besonderhede wat op elke dier se registrasiesertifikaat verskyn, korrek is en ooreenstem met die diere wat vir inspeksie aangebied word Verder sal hulle hulself daarvan vergewis dat elke dier in alle opsigte aan die minimum inspeksie- en prestasiestandaarde soos deur die Raad bepaal voldoen. Die sertifikate van diere wat nie deur die inspekteurs tydens sodanige inspeksie goedgekeur is nie moet dadelik aan die Vereniging teruggestuur word vir kansellasie.

11.2.5 Enige teler wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die inspeksie of klassifikasie appèl aanteken by die Genootskap. Sodanige appèl moet van 'n deposito, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vergesel gaan. 'n Appèlraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word sal dan die betrokke dier of diere inspekteer en indien die appèl slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appellant sy deposito en is verantwoordelik vir alle koste deur die Appèlraad aangegaan.

11.2.6 Behalwe in die gevalle verwys na in Aanhangsel 11.2.4 moet tydige kennisgewing aan telers gegee word van 'n beplande besoek deur die inspekteurs.

11.2.7 Bo en behalwe hul normale pligte mag Inspekteurs met die goedkeuring van die Raad ook ander pligte uitvoer, onder andere

(a) klassifikasie of gradering van Ayrshires op aansoek deur die betrokke teler; en

(b) demonstrasies en lesings tydens boeredae of beoordelingskursusse lewer.

11.2.8 Inspekteurs in diens van die Genootskap mag nie opdragte van 'n lid of Erelid aanvaar om oor die koop en verkoop van Ayrshires te onderhandel nie en hulle mag ook nie enige kommissie aanvaar wat voortspruit uit die verkope of aankope van Ayrshires nie mits

die Ayrshireteler wat as inspekteurs aangestel is, nie aan hierdie vereiste onderhewig moet wees nie.??

11.2.9 Geen teler sal as inspekteur van sy eie diere optree nie.

11.2.10 Fooie betaalbaar vir inspeksies en enige ander pligte deur die inspekteurs uitgevoer, sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

## 12. REGISTRASIESERTIFIKATE

### 12.1 Oorspronklike Sertifikate

Aantekening-/Registrasiesertifikate wat ten opsigte van Ayrshires uitgereik word, sal in die formaat wees soos deur die Vereniging en die Genootskap ooreengekom en sal gemete prestasiegegewens, soos behaal in terme van die reëls van die Nasionale Melkbeesprestasietoetsskema, bevat.

12.1.1 Alle registrasiesertifikate uitgereik deur die Vereniging ten opsigte van diere verwek deur kunsmatige inseminasie moet die letters “KI” dra agter die name van die diere wat op sodanige sertifikate verskyn.

12.1.2 Alle registrasiesertifikate uitgereik deur die Vereniging ten opsigte van diere verwek deur embrio-oordrag moet die letters E.O. bevat agter die name van die diere wat op sodanige sertifikaat verskyn.

12.1.3 Bevestiging van die handhawing van die registrasiestatus van ‘n dier moet op die registrasiesertifikaat aangedui word-

(a) In die geval van Aanhangsel A vroulike diere en hul vroulike nageslag, deur die handtekening van ‘n inspekteur van die Genootskap na inspeksie en goedkeuring van die betrokke dier.

(b) In die geval van alle ander Ayrshires deur die handtekening van die eienaar van die betrokke dier.

### 12.2 Veranderings of Byvoegings op Registrasiesertifikate

Met uitsondering van die handtekeninge waarna in Verordening 12.1.4 hierbo verwys word, sal enige wysiging of byvoeging tot die essensiële inligting of besonderhede wat amptelik op enige aantekening-/registrasiesertifikaat voorkom, wat nie deur die Hoofbestuurder van die Vereniging geparafeer is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat wat betrekking het op die essensiële inligting of besonderhede wat daarin vervat is, sodanige sertifikaat ongeldig maak.

### 12.3 Afskrifte of vervanging van Registrasiesertifikate

Die Vereniging mag op ontvangs van ‘n geskrewe aansoek ‘n afskrif of vervanging van enige registrasiesertifikaat uitreik wat deur die Vereniging uitgereik is, mits sodanige aansoek gedoen word deur die persoon in wie se naam die betrokke dier laaste geregistreer was.

### 12.4 Kansellasie van Registrasiesertifikate en Herinstelling van Ayrshires

12.4.1 Die Raad mag die Sekretaris gelas om by die Vereniging aansoek te doen vir kansellasie van die geboortekennisgewing of registrasie van enige Ayrshire wat –

(a) Verkeerdelik aangeteken of geregistreer is;
(b) Aangeteken of geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;
(c) Aangeteken of geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige vereiste van enige toepaslike verordening;
(d) nie aan die minimum vereistes soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal, voldoen het nie
(e) nie aan die minimum inspeksiestandaarde tydens ‘n inspeksie deur inspekteurs aangestel deur die Genootskap voldoen het nie;

en om die teler of eienaar dienooreenkomstig te verwittig.

12.4.2 Indien ’n dier wat aangeteken of geregistreer is vrek, gekastreer of gesteriliseer word of vir slagdoeleindes verkoop word moet die sertifikaat wat deur die Vereniging uitgereik was binne 60 dae na sodanige gebeure aan die Vereniging terug gestuur word vir kansellasie en\of endossement ingevolge die bepalings van die Grondwet van die Genootskap en van die Vereniging.

12.4.3 Indien ‘n dier in terme van Verordening 13.4.1 gekanselleer is, sal sodanige dier slegs op aanbeveling van die Raad in die rekords van die Vereniging herstel word. Die eienaar van 'n dier kan te eniger tyd deur die Genootskap by die Vereniging aansoek doen vir die herinstelling van 'n dier wat deur hom gekanselleer is. Die aansoek om herstelling moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word.

12.5 **Sertifikate van Uitgebreide Stambome**

‘n Persoon mag by die Genootskap aansoek doen vir ‘n sertifikaat van uitgebreide stamboom ten opsigte van ‘n Ayrshire waarna die Sekretaris sodanige sertifikaat by die Vereniging sal aanvra. Elke sodanige aansoek moet vergesel gaan van die toepaslike fooi wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal sal word.

## 13. O**ORDRAG VAN AYRSHIRES**

13.1 Vir die doeleindes van hierdie Verordening beteken “oordrag” enige transaksie waardeur enige persoon volle of gedeeltelike besit van ‘n Ayrshire verkry wat insluit die verkoop, ruil, erflating of skenking van volle of gedeeltelike eienaarskap en die afstanddoening van enige deel van die eienaarskap van sodanige Ayrshire of Ayrshirebul (soos die geval mag wees).

13.2 Enige verkoper wat volle of deelbesit van ‘n Ayrshire of deelbesit van ‘n Ayrshirebul oordra, moet binne 30 dae na die datum van sodanige oordrag –

(a) die Vereniging voorsien van die registrasiesertifikaat van die betrokke Ayrshire met die besonderhede van die oordrag behoorlik voltooi op sodanige sertifikaat en
(b) die Genootskap voorsien van die voorgeskrewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

13.3 In die geval van volle besit sal die datum van oordrag beskou word as die datum waarop die Ayrshire die verkoper se besit verlaat het.

13.4 Indien die dier wat oorgedra word -

13.4.1 ‘n dragtige Ayrshirekoei is, moet die verkoper saam met sy aansoek vir oordrag die Vereniging voorsien van ‘n sertifikaat wat die naam en identifikasie- en registrasienommer van die bul spesifiseer deur wie sy gedek is of die inseminasiedatum en besonderhede van die skenkerbul wat ook die geval mag wees. Die verkoper moet ‘n afskrif van sodanige sertifikaat aan die koper voorsien.

13.4.2 ‘n ontvangerkoei is, moet die aansoek vir oordrag vergesel gaan van die geboortekennisgewingaansoek waarna in Verordening 5.6 verwys word en enige ander sertifikate ingevolge die bepalings van die Verordeninge.

13.5 Sou die verkoper vir watter rede ookal nalaat of weier om enige stappe te neem om sodanige oordrag te bewerkstellig, insluitende die nalaat of weiering om die oorspronklike registrasiesertifikaat te verskaf, en sou die koper gewillig wees om sodanige fooie soos neergelê deur die Raad, te betaal, mag die Raad sodanige stappe neem wat nodig geag word om die oordrag te bewerkstellig.

13.6 Geen verandering sal aan ‘n reeds aangetekende oordragdatum aangebring word tensy ‘n aansoek te dien effekte en behoorlik onderteken deur die betrokke koper en verkoper, by die Vereniging ingedien word.

## 14 GESAMENTLIKE EIENAARSKAP VAN AYRSHIREBULLE

14.1 Wanneer ‘n Ayrshirebul aan gesamentlike eienaars oorgedra word, moet die volledige naam en adres van elke gesamentlike eienaar aan die Vereniging voorgelê word.

14.2 Die gesamentlike eienaarskap en gebruik van ‘n Ayrshirebul is onderhewig aan die voorskrifte van die Wet.

## 15. AFKEUR VAN AANSOEKE

15.1 In die geval van nageslag van 'n vroulike dier gedek deur verskillende manlike diere of geïnsemineer met semen van verskillende manlike diere tydens opeenvolgende oestrusperiodes minder as 28 dae uitmekaar, sal die Genootskap die Vereniging versoek om aantekening of registrasie te weier tensy vaderskap bevestig word deur ‘n DNA-toets of enige ander beproefde wetenskaplike metode vir die bevestiging van ouerskap wat deur die Vereniging aanvaar is.

15.2 Die Genootskap mag die Vereniging versoek om te weier om aansoeke te aanvaar van enige persoon wat doelbewus vals, onakkurate of misleidende inligting verskaf het of wat versuim het het om enige inligting of besonderhede te voorsien wat hy pligshalwe binne ‘n redelike tyd moes voorsien.

15.3 As die Vereniging, wanneer ook al, geweier het om aansoeke van enige persoon te aanvaar, mag die Genootskap daarbenewens die Vereniging versoek om enige of alle vorige inskrywings in die kuddeboek namens sodanige persoon te kanselleer.

15.4 Die Genootskap sal nie stappe neem ingevolgende Verordeninge 15.2 en 15.3, behalwe na ‘n ondersoek deur ‘n kommissie bestaande uit die President en/of Vise-President en twee ander

lede aangewys deur die Raad en in ooreenstemming met die aanbeveling van sodanige kommissie.

## 16. INVOER EN UITVOER VAN AYRSHIREDIERE, SEMEN, OVA OF EMBRIOS

16.1 Aansoeke vir die in- en uitvoer van Ayrshirediere, semen en eiselle sal, ooreenkomstig die wet in triplikaat op die vorms, verkrygbaar by die Registrateur, by die Genootskap ingedien word tesame met die voorgeskrewe gelde. Die Genootskap sal twee afskrifte tesame met sy aanbeveling en die dokumente wat die besonderhede weergee waarna in Verordening 16.2 verwys word, aan die Registrateur stuur.

16.2 Die Raad sal die minimum prestasie- en ander vereistes vir die invoer en uitvoer van Ayrshirediere, semen en ova bepaal ingevolge Klousule 9.24 van die Grondwet en geen sodanige invoer of uitvoer sal by die Registrateur deur die Genootskap aanbeveel word tensy die genoemde vereistes nagekom word.

16.3 Ingevoerde diere en diere verwek deur ingevoerde semen en eiselle wat aan die minimum vereistes waarna in Verordening 16.2 en die vereistes van die Grondwet voldoen verwys word, sal geskik wees vir aantekening of registrasie.

16.4 Die Vereniging mag, op aansoek en by betaling van sodanige gelde as wat deur die Raad bepaal mag word, uitvoersertifikate uitreik ten opsigte van semen, semen of eiselle in die formaat soos deur die Genootskap verlang en deur die Vereniging goedgekeur.

.